DVD bied stof tot nadenke

Wanneer dit kom by die verspreiding van inligting oor MIV/vigs, kan daar nooit te veel gedoen word nie. Nog 'n wapen in die stryd teen die pandemie is die DVD *Three and a half lives of Philip Wetu*, wat onlangs bekend gestel en beslis iets besonders is.

Wat die DVD anders maak, is die feit dat dit heeltemal interaktief is en die kyker kan self besluit wat Philip se lot gaan wees. Elke lewenskeuse wat die titelkarakter maak, het 'n invloed op sy toekoms: gaan hy instem om 'n MIV-toets te laat doen? Gaan hy veilige seks hê? Gaan hy sy status met sy maat deel? Gaan hy erken dat hy 'n verhouding met iemand anders het?

So speel die verskillende scenario's uit.

Mens kan nie help om jammer te voel vir die arme Philip nie, bring hy die gevolge oor homself.

Elke keuse het 'n gevolg, en ongelukkig vir Philip, is die les dat hy van dag een af al die regte besluit moes gemaak het.

In werklikheid is dit egter nie altyd so vanselfsprekend nie.

Die fliek handel oor Philip Wetu, 'n jong en aantreklike IT-kenner wat groot sukses onder die vroulike geslag geniet. Sy peperduur snyerspakke en BMW getuig van sy welslae. Hy bly saam met sy langtermyn en getroue maat Genevieve, maar is ewe aangetrokke tot ander vroue: Finelda, die vrou met 'n wrok; Jacky, die sexy, sensuele minnares; Nailoke, die meisie wat bang is vir weerlig; en Tulonga, die onskuldige skoolmeisie.

Hy speel met vuur.

In terme van skietwerk is die DVD indrukwekkend. As kyker herken mens oral bekende plekke in die hoofstad, en is jy altyd op die uitkyk vir nóg 'n venue wat jy ken. Die akteurs kwyt hulself ook goed van hul taak.



Wat die DVD nog meer trefkrag gee, is dat meeste van die akteurs self betrokke is by die fasilitering van slypskole rondom bewustheid oor MIV. Omdat die drama kykers toelaat om 'n verskeidenheid keuses oor Philip se lewe te maak, is dit 'n uitsonderlike geleentheid om persoonlike gesprekke aan te knoop.

Die sentiment wat die vervaardigers aan die jong generasie wil oordra, is dat selfs al lyk jou optrede vandag soos groot pret, kan dit ernstige gevolge hê: nie net dat jy MIV kan opdoen nie, maar ook alleen en afgesonder daarvan kan afkom. En niemand wil dit tog hê nie. Dus bied die DVD stof tot nadenke.

Die rolprent is geredigeer deur die plaaslike filmmaker Richard Pakleppa. Die akteurs is Ricardo Goagoseb, Calista Ngqula, Lara-Lyn Ahrens, Senga Brockerhoff, Tuwilica Kahuiki, Girley Jazama, Salvador Dore Maymona, John-Paul Jansen en Jack Nakalemo.

Om 'n DVD en/of meer inligting te bekom, kontak Media Logistics Namibia by 061 247 231, of e-pos Oshosheni Hiveluah by o.hiveluah@media-logistics-namibia.com. Besoek ook die webwerf http://www.media-logistics-namibia.com